



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2012

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3
MEMORANDUM**

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED

1. Maak gebruik van die voorgeskrewe rubriek. (A, B en C) in die Assesseringsriglyne. Let veral daarop dat beplanning en redigering by die rubriek ingesluit is.
2. As skryfstukke heeltemal uit die vraestel saamgeflans word/dele van die opdragte uit die vraestel word net so oorgeskryf, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan geen punte nie. Kommentaar sal wees: Geen eie werk nie / Saamgeflans.
3. As 'n onderwerp misgetas word, word die leerder streng gepenaliseer m.b.t. die inhoud ('n baie lae punt), maar die taal word normaalweg nagesien.
4. Maak gebruik van die volgende simbole/ tekens by die nasien van skryfwerk ter wille van eenvoud en eenvormigheid.

SIMBOOL	BESKRYWING	VERDUIDELIKING
0	Sirkel	Punktuasiefout
_____	Dubbele strepie onder 'n woord	Spelfout
_____	Lang streep onder 'n woord	Foutiewe woord gebruik
○ →	Sirkel met pyltjie	Woordorde fout
Λ	Weglaatteken	Woord weggelaat
T	Hoofletter T in kantlyn	Tye verwarr
Hh	Dubbele hh	Herhaling van gedagtes
VR	Vraestel	Dele saamgeflans met woorde in vraestel gebruik
?	Vraagteken	Baie verwarrend/sukkel om te verstaan wat leerder skryf
[Enkel hakie	Nuwe paragraaf
E	Letter "e" bo woord	Engelse woord gebruik

ANALISE VAN VRAESTEL

AFDELING A	OPSTEL
VRAAG 1	Bespiegelend
VRAAG 2	Argumenterend
VRAAG 3	Feitelik
VRAAG 4	Verhalend
VRAAG 5	Beskrywend
VRAAG 6	Visuele tekste

AFDELING B	LANGER TEKSTE
VRAAG 7	TOESPRAAK
VRAAG 8	TYDSKRIFARTIKEL
VRAAG 9	DIALOOG
VRAAG 10	FORMELE BRIEF

AFDELING C	KORT TEKSTE
VRAAG 11	VORM
VRAAG 12	NOTAS
VRAAG 13	KLEIN ADVERTENSIE
VRAAG 14	VOORSTELLE

ONTLEDING VAN VRAESTEL 3**DENKVLAK VAN DIE SKRYFSTUK**

VLAK 1: 3 PUNTE
 VLAK 2: 4 – 6 PUNTE
 VLAK 3: 7 – 9 PUNTE

	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3
O: Onderwerp	Kandidaat se eie, persoonlike en alledaagse leefwêreld	Kandidaat se eie en onmiddellike gemeenskap en omgewing	Kandidaat en die wye wêreld
A: Aanbieding	Baie hulp: riglyne, woordeskat in tekste, antwoordblad, ens.	Minder hulp: minder riglyne, minder woordeskat in tekste, uitdagender antwoordblad	Net die onderwerp, min leiding
U: Uitdaging	Skryf net woorde	Skryf stukke wat hoër skryfvaardighede vereis	Moeiliker skryfvorme.

AFDELING A

VRAAG	OPSTEL	O	A	U	TOTAAL	DENK VLAK
1	Bespiegelend	1	1	2	4	2
2	Argumenterend	2	1	2	5	2
3	Feitelik	2	3	2	7	3
4	Verhalend	1	2	1	4	2
5	Beskrywend	1	1	2	4	2
6	Interpretasie van prente: Verhalend/Feitelik/ Beskrywend/ Bespiegelend/ Argumenterend	3	3	3	9	3

AFDELING B

VRAAG	LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE	O	A	U	TOTAAL	DENK VLAK
7	Toespraak	3	2	2	6	2
8	Tydskrifartikel	2	3	3	7	3
9	Dialoog	1	2	1	4	2
10	Formele Brief	2	2	3	5	2

AFDELING C

VRAAG	KORTER TEKSTE	O	A	U	TOTAAL	DENK VLAK
11	Vorm	2	2	2	6	2
12	Notas	1	1	1	3	1
13	Klein advertensie	3	3	3	9	3
14	Voorstel	2	2	1	1	2

ASSESSERINGSRIGLYNE

AFDELING A: OPSTEL

Van die kandidaat word verwag om:

- Een vraag te doen.
- Die beplanning en redigering aan te toon.
- Die lengte van die skryfstuk (tussen 250 en 300 woorde) in hakies aan te toon.
- Die instruksies by elke vraag rakende die titel te volg.

VRAAG 1 (Bespiegelend)

Die skrywer deurdink 'n lewenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer.

- die probleem word omskryf
- die onderwerp word bepeins en oordink
- gevoelens en emosie speel 'n belangrike rol
- 'n groot deel van die opstel mag beskrywend wees en situasies kan aangehaal word
- gedagtes en gevoelens behoort persoonlik te wees.

Let op:

- die probleem is *groepsdruk* van ouers, onderwysers en vriende
- dit kan positief en negatief wees – dit gaan oor die skrywer se *interpretasie* daarvan
- 'n *eie mening* word gevorm.

VRAAG 2 (Argumenterend)

Die skrywer het 'n spesifieke mening/opinie en argumenteer daaroor om sy/haar standpunt te motiveer. Die skrywer moet albei standpunte – daarvoor en daarteen – argumenteer, maar tot 'n duidelike slotsom kom.

- opinies moet objektief wees
- argumente moet gemotiveer word
- oorredingstegnieke mag gebruik word
- die slot moet sterk en duidelik wees en die skrywer se perspektief ondersteun.

Let op:

- die voordele en nadele van 'n STOKVEL moet bespreek word
- die skrywer kan 'n ander spaarmetode voorstel, bv. die bank
- agtergrondkennis van hoe 'n stokvel werk, is nodig vir hierdie skryfstuk.

VRAAG 3 (Feitelik)

Die skrywer skryf oor feite wat aan hom/haar bekend is. Sinvolle argumente moet lei tot 'n logiese gevolgtrekking.

- die skrywer bly neutraal
- die leser word tot insig en kennis geleid.

Let op:

- feite moet gegee word oor hoe om matriek makliker en interessanter te maak
- voorbeelde moet verskaf word van die probleme ondervind in die matriekjaar
- voorbeelde kan wees: vakkeuses, studiemetodes, onderwysers, matriekafskeid, ens.
- oplossings moet vir die probleme voorgestel word.
- die M³ formule moet herhaal en in die skrywe beklemtoon word.

VRAAG 4 (Verhalend)

Dis 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis (gewoonlik uit die verlede). Dit kan uit enige perspektief geskryf word.

- dit gaan oor iets wat gebeur het
- dit word met entoesiasme geskryf
- die inhoud is boeiend en interessant
- die storielyn volg chronologies en die verhaal oortuig
- die verhaal kan uit eie ervaring geskryf word of dit kan fiktief wees
- daar moet 'n treffende inleiding wees wat die leser boei
- 'n verrassende slot word vereis.

Let op:

- die opstel kan begin of eindig met die woorde: "Ag, nie al weer nie!"
- dit kan ernstig of komies wees.

VRAAG 5 (Beskrywend)

Die skrywer beskryf iets soos hy/sy dit ervaar of wil ervaar.

- waarnemings met al vyf sintuie en 'n goeie woordeskat word vereis
- eie gevoelens oor die beskrywing kan gegee word
- plekke, gebeure en karakters word akkuraat beskryf
- beeldspraak, idiome en spreekwoorde word aangewend.

Let op:

- die onderwyser(es) wat gekies word, word beskryf as karakter
- redes word gegee hoekom spesifiek daardie onderwyser(es)
- die dag word beskryf in die klaskamer, personeelkamer, sport, ens.
- kom tot slotsom oor hoe die dag van 'n onderwyser(es) werklik is en of hy/sy daarvan gehou het of nie!

VRAAG 6 (Visuele prente)

Die vraag is so geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose prent van die kandidaat verwag word. Die opstel wat geproduseer word, kan enige een van die tipes opstelle wees.

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Van die kandidaat word verwag om:

- een vraag te doen
- die instruksies by die vraag uit te voer
- 'n skryfstuk van tussen 120 en 150 woorde te skryf
- die lengte van die transaksionele teks aan te dui.
- die regte formaat te gebruik.

VRAAG 7: FORMELE TOESPRAAK

Die formele toespraak word gelewer om 'n spreker te verwelkom en te bedank omdat hy/sy ingestem het om by die skool se kultuurweek op te tree.

Let op:

- daar moet 'n aanspreekvorm wees
- die inleiding moet interessant wees
- spreker moet welkom geheet word
- agtergrondkennis van die skrywer/ digter is nodig om hom/haar bekend te stel
- rede waarom die spreker genooi is na die kultuurweek moet gegee word
- spreker moet aan gehoor oorhandig word.

VRAAG 8: TYDSKRIFARTIKEL

'n Artikel is 'n skryfstuk wat oor 'n bepaalde onderwerp geskryf is. Die artikel kan leser s inlig of vermaak.

Let op:

- die titel vat die onderwerp saam
- die skrywer se naam word gegee
- die omgekeerde piramiedemetode word gebruik
- die meeste feite word in die eerste paragraaf gegee (leerders kan *aspris* spelfoute maak om die probleem te beklemtoon!)
- die redes en aanbevelings word in die volgende paragrawe uitgebrei (waarom leerders swak spel en hoe dit reggestel kan word)
- dit word in die bedrywende vorm geskryf
- die slot vat die artikel saam
- dit kan in paragrawe of kolomme aangebied word.

VRAAG 9: DIALOOG

Dis die gesprekvoering tussen twee mense (skoolhoof en leerder).

Formaat is belangrik:

- geen aanhalingsstekens word gebruik nie
- name, en nie net voornaamwoorde nie, word gebruik by die sprekers
- laat 'n reël oop tussen gesprekvoering
- enige ekstra inligting word in hakies geskryf
- moet in blokvorm wees
- gebruik leestekens om emosie aan te dui
- die taal en styl moet by die onderwerp pas.

Let op:

die gesprek handel oor die reëlings om 'n reünie by die skool te hou.

VRAAG 10: BRIEF VAN GELUKWENSING

Die brief wens iemand met 'n prestasie geluk.

Die formaat is belangrik:

- adres van sender, datum, adres van ontvanger, aanhef, opschrift/doel, paragrawe, afsluiting
- adres in blokvorm
- dit is nie nodig om 'n reël oop te laat tussen datum en poskode nie
- die datum word voluit geskryf
- geen leestekens in die adres nie
- die doel van die brief word in hoofletters geskryf of in kleinletters, maar dan onderstreep
- geen leestekens na "Die uwe" nie
- die brief word deur die sender onderteken
- die hoedanigheid (amp) van die sender/skrywer word onder die handtekening geskryf.

Let op:

- die skool se adres word gebruik
- die ontvanger is die ouer(s) van die leerder
- opschrift – GELUKWENSING: NOODHULPKOMPETISIE
- inhoud – gelukwensing oor kompetisie gewen, spreek waardering uit, reëlings vir oorsese toer (datums, akkommodasie, vervoer, prys ens.)
- taal en styl is formeel en saaklik.

AFDELING C: KORTER TEKSTE

Van die kandidaat word verwag om:

- een vraag te doen.
- 'n Skryfstuk van tussen 80 tot 100 woorde in te handig.
- Die lengte van die teks aan te dui.

VRAAG 11: VORM

Dit behels die voltooiing van 'n inskrywingsvorm.

Let op:

- Die leerder moet die vorm *voltooï* – nie invul nie!
- Die reëls moet pas by hoëskoolleerlinge en wat van hulle verwag word, bv. ouerdom, graad 12, ouers / onderwysers / familie nie deel van die beoordelaars nie, omkoopgeld, sluitingsdatum, ens.

VRAAG 12: NOTAS

Notas kan ook deurgaan as skryf van paragrawe.

Skryf van paragrawe:

- die hoofsin word ondersteun deur newe/ondersteunende sinne.

Let op:

- drie soorte pizzas moet beskryf word (smaak, bestanddele daarop, ens.)
- beste pizza moet gekies word en redes vir die keuse word gegee.

VRAAG 13: KLEIN ADVERTENSIES

Dit is die advertensies wat in 'n koerant onder geklassifiseerde advertensies geplaas voorkom.

Let op:

- dit is 'n doodsberig oor 'n leerder aan die skool
- dit word onder die sub-hoof: sterfgevalle geplaas
- die oorledene se naam en van, ouerdom, geboortedatum, sterfdatum en skool word genoem
- simpatie aan ouers en familie word gegee
- van wie die simpatie kom.

VRAAG 14: VOORSTELLE

'n Voorstel word gemaak om iets wat verkeerd is of waarvan nie gehou word nie, te verbeter.

Let op:

- 'n lys kan opgenoem word/
- spesifieke probleme kan beskryf word
- daar moet 'n voorstel gemaak word om die saak te verbeter.

AFDELING A: OPSTEL
EERSTE ADDISIONELE TAAL

50 PUNTE	KODE 7 Uitmuntend 80 – 100%	KODE 6 Verdienstelik 70 – 79%	KODE 5 Beduidend 60 – 69%	KODE 4 Voldoende 50 – 59%	KODE 3 Matig 40 – 49%	KODE 2 Basies 30 – 39%	KODE 1 Ontoereikend 0 – 29%
INHOUD EN BEPLANNING 32 PUNTE	<u>26 – 32</u>	<u>22½ – 25½</u>	<u>19½ – 22</u>	<u>16 – 19</u>	<u>13 – 15½</u>	<u>10 – 12½</u>	<u>0 – 9½</u>
	<ul style="list-style-type: none"> -Inhoud beïndruk leser met insig in onderwerp. -Idees uitdagend en volwasse. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste opstel. 	<ul style="list-style-type: none"> -Inhoud toon deeglike interpretasie van onderwerp. -Idees interessant en verbeeldingryk. -Beplanning en/of eerste poging lei tot goed saamgestelde, gepaste opstel. 	<ul style="list-style-type: none"> -Inhoud toon 'n goeie interpretasie van onderwerp. -Idees interessant en oortuigend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goeie, gepaste opstel. 	<ul style="list-style-type: none"> -Inhoud is 'n voldoende interpretasie van onderwerp. -Idees gewoon en diepte ontbreek. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende opstel/aanbieding. 	<ul style="list-style-type: none"> -Inhoud gewoon met leemtes in samehang. -Idees meestal relevant, herhalend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot gemiddelde/redelike verstaanbare opstel. 	<ul style="list-style-type: none"> -Inhoud dikwels onverstaanbaar. Gebrek aan samehang. -Idees is min en dikwels herhalend. -Beplanning en/of eerste poging ontbreek heeltemal. Swak opstel/aanbieding is nie. 	<ul style="list-style-type: none"> -Inhoud nie ter sake nie. Geen samehang nie. -Idees herhaal. -Beplanning en/of eerste poging ontbreek heeltemal.
TAAL, STYL EN REDIGERING 12 PUNTE	<u>10 – 12</u>	<u>8½ – 9½</u>	<u>7½ – 8</u>	<u>6 – 7</u>	<u>5 – 5½</u>	<u>4</u>	<u>0 – 3½</u>
	<ul style="list-style-type: none"> -Toon kritiese taalbewustheid. -Effektiewe gebruik van taal en punktuasie. Maak van figuurlike taal gebruik. -Woordkeuse hoogs toepaslik/utmuntend. -Styl, toon en register is hoogs gepas. -Opstel feitlik foutloos na proeflees en redigering. 	<ul style="list-style-type: none"> -Toon kritiese taalbewustheid. -Korrekte gebruik van taal en punktuasie. Kan figuurlike taal gebruik in korrekte konteks. -'n Variasie in woordekeuse en word korrek gebruik. -Styl, toon en register is toepaslik vir die onderwerp. -Opstel meestal foutloos na proeflees en redigering. 	<ul style="list-style-type: none"> -Daar is bewyse van kritiese taalbewustheid -Taal en punktuasie: meestal korrek. -Woordkeuse is gepas vir opstel. -Styl, toon en register is meestal toepaslik vir die onderwerp. -Opstel oor die algemeen foutloos na proeflees en redigering. 	<ul style="list-style-type: none"> -'n Aanduiding van kritiese taalbewustheid -Taal baie eenvoudig en punktuasie dikwels foutiewelik gebruik.. -Woordkeuse voldoende. -Styl, toon en register oor die algemeen in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp. -Opstel het steeds foute na proeflees en redigering. 	<ul style="list-style-type: none"> -Beperkte kritiese taalbewustheid -Taal gewoon en punktuasie dikwels foutiewelik gebruik.. -Woordkeuse basies. -Styl, toon en register toon gebrek aan samehang. -Opstel het steeds baie foute na proeflees en redigering. 	<ul style="list-style-type: none"> -Geen kritiese taalbewustheid -Gebrekkige taal en punktuasie. -Woordkeuse beperk. -Styl, toon en register gebrekkig. -Opstel is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. 	<ul style="list-style-type: none"> -Geen kritiese taalbewustheid -Ernstige gebrek aan taal en punktuasie. -Woordkeuse ontoepaslik. -Styl, toon en register is baie gebrekkig. -Opstel is besaai met foute en verwarring ten spyte van proeflees en redigering.
STRUKTUUR 6 PUNTE	<u>5 – 6</u>	<u>4½</u>	<u>4</u>	<u>3</u>	<u>2½</u>	<u>2</u>	<u>0 – 1½</u>
	<ul style="list-style-type: none"> -Ontwikkeling van onderwerp samehangend met verbeeldingryke details. -Sinne en paragrawe samehangend saamgestel. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. 	<ul style="list-style-type: none"> -Ontwikkeling van onderwerp samehangend en logiese ontwikkeling van details. -'n Verskeidenheid tipes sinne paragrawe skakellogies. -Lengte is korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> -Ontwikkeling van onderwerp is samehangend met verbeeldingryke details. -Sinne en paragrafering: samehangend, goed gekonstrueer/saamgestel. -Lengte is korrek 	<ul style="list-style-type: none"> -Onderwerp bevat sommige idees, noodsaaklike details egter ingesluit. -Sinskonstruksie en paragrafering mag foute bevat, maar opstel maak nog sin. -Lengte is amper korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> -Daar is bewyse van ontwikkeling van sommige noodsaaklike idees. -Sinskonstruksie en paragrafering foutief, maar idees is verstaanbaar. -Lengte is te kort/te lank. 	<ul style="list-style-type: none"> -Dwaal soms van die onderwerp af, algemene gedagtegang moeilik om te volg. -Sinskonstruksie en paragrafering baie elementêr saamgestel. -Lengte is te kort/te lank. 	<ul style="list-style-type: none"> -Afgedwaal van die onderwerp. -Sinskonstruksie en paragrafering: deurmekaar en ondeurdag. -Lengte is heeltemal te kort/te lank.

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS
EERSTE ADDISIONELE TAAAL**

30 PUNTE	KODE 7 Uitmuntend <u>80 – 100%</u>	KODE 6 Verdienstelik <u>70 – 79%</u>	KODE 5 Beduidend <u>60 – 69%</u>	KODE 4 Voldoende <u>50 – 59%</u>	KODE 3 Matig <u>40 – 49%</u>	KODE 2 Basies <u>30 – 39%</u>	KODE 1 Ontoereikend <u>0 – 29%</u>
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 20 PUNTE	<u>16 – 20</u>	<u>14 – 15½</u>	<u>12 – 13½</u>	<u>10 – 11½</u>	<u>8 – 9½</u>	<u>6 – 7½</u>	<u>0 – 5½</u>
	<ul style="list-style-type: none"> -Gespesialiseerde kennis van vereiste van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk, behou deurgaans algehele fokus; geen afwykings nie. -Teks, algeheel samehangend ; alle detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ uitmuntend. 	<ul style="list-style-type: none"> -Goeie kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk, behou fokus; byna geen afwykings nie. -Inhou en idees samehangend, alle detail ondersteun by die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ verdienstelik 	<ul style="list-style-type: none"> -Redelike kennis van vereistes van teks. -Behou fokus, onbenullige afwykings. -Inhou en idees samehangend detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. -Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. 	<ul style="list-style-type: none"> -Voldoende kennis van vereistes van teks. -Inhou wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. -Inhou en idees voldoende Samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. 	<ul style="list-style-type: none"> - 'n Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. -Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag. -Inhou en idees gemiddeld, samehangend, basiese detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gemiddelde/redelike, verstaanbare teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld, kritiese, nalatige foute is begaan. 	<ul style="list-style-type: none"> - 'n Elementêre kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. -Inhou wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhou en idees omtrent nie samehangend, min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging gebrekbaar, teks nie goed aangebied nie. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. 	<ul style="list-style-type: none"> -Geen kennis van vereistes van teks nie. -Inhou wyk af van Onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhou en idees is nie samehangend nie te min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging afwesig/nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. -Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.
TAAL, STYL EN REDIGERING 10 PUNTE	<u>8–10</u>	<u>7–7½</u>	<u>6–6½</u>	<u>5–5½</u>	<u>4–4½</u>	<u>3–3½</u>	<u>0–2½</u>
	<ul style="list-style-type: none"> -Teks is grammataal akkuraat; sinne goed saamgestel. -Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register baie toepaslik. -Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. 	<ul style="list-style-type: none"> -Teks is grammataal akkuraat; sinne goed saamgestel. -Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register meestal toepaslik. -Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. 	<ul style="list-style-type: none"> -Teks is grammataal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel. -Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register voldoende. -Teks het steeds foute na proeflees en redigering. -Lengte is amper korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> -Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. -Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register voldoende. -Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. -Lengte is te kort/ te lank. 	<ul style="list-style-type: none"> -Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. -Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register toon gebreke. -Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is te kort/ te lank. 	<ul style="list-style-type: none"> -Teks is swak en moeilik om te volg. -Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. -Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. -Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is te kort/ te lank. 	<ul style="list-style-type: none"> -Teks is swak saamgestel en verwarrend. -Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks. -Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. -Opstel is besaai met foute en verwارد ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is heeltemal te kort/te lank.

**AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS
EERSTE ADDISIONELE TAAAL**

20 PUNTE	KODE 7 Uitmuntend 80 – 100%	KODE 6 Verdienstelik 70 – 79%	KODE 5: Beduidend 60 – 69%	KODE 4 Voldoende 50 – 59%	KODE 3 Matig 40 – 49%	KODE 2 Basies 30 – 39%	KODE 1 Ontoereikend 0 – 29%
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 13 PUNTE	<u>10½ – 13</u> <ul style="list-style-type: none"> -Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans algehele fokus, geen afwykings. -Inhou en idees algeheel Samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/Uitmuntend. 	<u>9½ – 10</u> <ul style="list-style-type: none"> -Goeie kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde Skryfwerk, behou fokus, byna geen afwykings nie. -Inhou en idees: Samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/Verdienstelik. 	<u>8 – 9</u> <ul style="list-style-type: none"> -Redelike kennis van vereistes van teks. -Behou fokus, onbenullige afwykings. -Inhou en idees Samehangend, details ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. -Meeste van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. 	<u>6½ – 7½</u> <ul style="list-style-type: none"> -Voldoende kennis van vereistes van teks. -Inhou wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die betekenis nie. -Inhou en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. 	<u>5½ – 6</u> <ul style="list-style-type: none"> -Gemiddelde kennis van vereistes van teks. -Respons op geskrewe teks toon 'n oppervlakkige fokus. -Inhou wyk af van Onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhou en idees gemiddeld samehangend; basiese detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging: lei tot 'n gemiddelde/redelike, verstaanbare teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan. 	<u>4 – 5</u> <ul style="list-style-type: none"> -Elementêre kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. -Inhou wyk af van Onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhou en idees nie samehangend nie, te min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. -Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie. 	<u>0 – 3½</u> <ul style="list-style-type: none"> -Geen kennis van vereistes van teks nie. -Inhou wyk af van Onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhou en idees nie samehangend nie, te min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. -Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.
TAAL, STYL EN REDIGERING 7 PUNTE	<u>6 – 7</u> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is grammataal Akkuraat, sinne goed saamgestel. -Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register baie toepaslik. -Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. 	<u>5 – 5½</u> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is grammataal Akkuraat, sinne goed saamgestel. -Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register meestal toepaslik. -Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. 	<u>4½</u> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is grammataal maklik om te lees, sinne is goed saamgestel. -Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register oorwegend foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. 	<u>3½ – 4</u> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. -Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register voldoende. -Teks het steeds foute na proeflees en redigering. -Lengte is amper korrek. 	<u>3</u> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. -Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register toon gebreke. -Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. -Lengte is te kort/te lank. 	<u>2½</u> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is swak en moeilik om te volg. -Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. -Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. -Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is te kort/te lank. 	<u>0 – 2</u> <ul style="list-style-type: none"> Teks is swak saamgestel en verwarrend. -Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks. -Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. -Opstel is besaai met foute en verward ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is heeltemal te kort/te lank.